# VOTIEFMIS VIR DIE SORG VAN DIE SKEPPING

**Intree antifoon** **Ps 19(19A):2**

Die hemele basuin God se heerlikheid uit,
die uitspansel verkondig die werk van sy hande.

## OPENINGSGEBED

God onse Vader,
in Christus, die eersgebore van die hele skepping,
het U alle dinge tot bestaan geroep,
ons bid U, gee dat ons, ontvanklik vir die lewegewende asem van u Gees,
met liefde die werk van u hande sal versorg.
Deur onse Here Jesus Christus, u Seun,
wat met U in die eenheid van die Heilige Gees,
leef en heers, God, tot in alle ewigheid.

## GEBED OOR DIE GAWES

Ontvang, o Vader,
hierdie vrug van die aarde en van ons hande:
voltooi hierin u skeppingswerk,
sodat dit, omvorm deur die Heilige Gees,
vir ons die voedsel en drank van die ewige lewe mag word.
Deur Christus, onse Here.

**Kommunie antifoon** **cf. Ps 98(97):3**

Die uithoeke van die aarde het gesien
die oorwinning wat ons God behaal het.

## GEBED NÁ KOMMUNIE

O Vader, mag die sakrament van eenheid
wat ons ontvang het die band van gemeenskap
met U en ons broers en susters versterk,
sodat ons, soos ons op die nuwe hemele en die nuwe aarde wag,
mag leer om in harmonie met alle skepsels saam te leef.
Deur Christus, onse Here.


*Voorberei en vertaal deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie*